Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 14 Februarie 2020

1. PLASTIEK-DOPPIES

Die insameling ter wille van die Sweetheart-stigting het 'n besonder goeie begin beleef. Baie dankie aan almal wat reeds ingesamel en gestuur het. Ons hoop almal kan entoesiasties hieroor bly. Ons het baie goeie samewerking met die sameroeper van ons streek, mnr. Barnie van Heerden. Daar word gereeld vrae gestuur en hy beantwoord dit dadelik.

Een van die talle navrae het gehandel oor die moontlikheid om 'n "bakkievrag" doppies by die skool te kom aflewer. Ons vra dat sulke navrae aan me. R. Engelbrecht gerig moet word. Die e-posadres daarvoor is rene.e@wonnies.co.za. Verskaf in die e-pos asseblief 'n telefoonnommer waarheen u geskakel kan word.

2. UITTEKEN VAN LEERDERS

Dit is kommerwekkend om te sien hoeveel leerders vroeg uit die skool geteken word. Dit veroorsaak ook groot ontwrigting omdat leerders d.m.v. die interkom, tydens klastyd, uit die klasse geroep moet word. Graag vra ons u om die volgende praktiese reëling van nou af te handhaaf: Leerders wat gedurende die dag uitgeteken gaan word, se ouers moet die leerder met 'n toestemmingsbrief na die skool stuur. Die leerder sal dan in die klas, wanneer dit tyd is om die skool te verdaat die brief aan die personeellid toon, waarna die leerder die klas mag verlaat en na die algemene kantoor kan gaan. Die brief word dan net ingehandig en gestempel by die algemene kantoor, waar die ouer reeds vir die kind wag. Geen kind sal in die klas oor die interkom uitgeroep word nie, aangesien die kind reeds 'n brief het vanaf die ouer.

3. ATLETIEK UITSLAE – HANS STRYDOM

<u>Seuns O/14</u>
Tyron van Noordwyk 1ste Spiesgooi, 2de Gewigstoot

<u>Seuns O/15</u>
Dawie Breet 2de Diskus
Nardus Jansen 1ste Spiesgooi
Xavier Prinsloo 1ste 90m Hekkies, 1ste 300m Hekkies

<u>Seuns O/16</u>
Justin Helena 2de Spiesgooi
Wian Louw 1ste 400m
Christian Morris 1ste Gewigstoor 2de Diskus,

Die Hoërskool Wonderboom

Integriteit Respek Verantwoordelikheid Diensbaarheid Erkenning

Seuns O/17

Tiaan Hattingh	2de 110m Hekkies
Damian van der Merwe	1ste Gewigstoot, 1ste Diskus
Aflos	1ste
JJ Breedt	1ste 100m **NUWE REKORD – 10.39**, 1ste 200m **NUWE REKORD – 22.06**, 1ste Verspring

Seuns O/19

Fernando Ferreira	2de Spiesgooi

Meisies O/14

Tshego Mahlangu	1ste 100m, 1ste 200m
Aflos	1ste

Meisies O/15

Melandri Pretorius	2de Diskus
Chane Schoeman	1ste 100m

Meisies O/16

Malebo Malebye	2de 200m
Katinka Strydom	2de Verspring
Simone Swart	2de Hoogspring

Meisies O/17

Chante Jv Rensburg	1ste Hoogspring
Nikki Knoetze	1ste 100m, 1ste 200m, 1ste 400m
Aflos 1ste	

Meisies O/19

Nicole Adendorff	1ste Spiesgooi
Phenyo Modise	2de 100m
Clarissa Ritchie	2de Driesprong
Tiisetso Thibiri	2de Hoogspring

4. MIDMARMYL

Tydens die naweek van 8-9 Februarie het verskeie leerders (en personeel) aan die Midmarmyl deelgeneem. Baie geluk aan elke swemmer met hul uitslae:

Marco Reiners	32.33
Johan Coetzee	34.23
Mnr. M Lezar	35.01
Lieze Boettger	35.35
Leane Pretorius	36.55
Henry Jacobs	39.25
Mario Reiners	40.16
Andro v Rensburg	40.51
Lehan Langenhoven	41.27
Sunandi Heyman	43.21
Anisha Oosthuizen	44.34
Nanette Stander	47.29
Me. H Pretorius	50.00

5. NUUTVERKOSE BEHEERLIGGAAM-LEDE

Baie geluk aan mnr Dawie Nolte, mnr Dirk Uys en mnr Harry Bakker wie verkies is tot die Beheerliggaam.

6. LED-LIGTE

Graag wil die skool alle buisligte met LED-ligte vervang. Die voordele van LED-ligte is ‘n aansienlik langer lewenspan (60 000 ure), baie laer energie-verbruik (90% meer effektief), laer onderhoudskostes en is ook veiliger. Indien u met die vervanging behulpsaam kan wees, kontak gerus mnr. Schmahl by carl@wonnies.co.za.

7. ADVERTENSIE-BORDE – SPASIE BESKIKBAAR

Daar is advertensiespasie in Voortrekkersweg, by die pawiljoene, beskikbaar. Die pryse vir die advertensieborde is soos volg:

1. 1.8 x 1.8 m R 7 000 per jaar
2. 1.8 x 2.5 m R 8 000 per jaar
3. 1.8 x 3.5 m R 9 000 per jaar

Kontak gerus me. Hellerley vir verdere inligting of e-pos na finansies@wonnies.co.za indien u ‘n advertensiebord wil laat oprig.

M LEZAR
SKOOLHOOF